

**2 Desember**

**Eksodus 13:17-22**

**(Teks: 13:18) Kortpad of die Here se pad?**

Toe die Here sy volk uit Egipte verlos het en hulle na die beloofde land Kanaän gelei het, kon hy hulle op die gewone, bekende handelsroete tussen die twee lande laat trek het. Boonop was dit die kortste pad. Die Here het egter die volk met 'n ander pad laat trek. Hierdie pad was die moeilike pad. Dit was 'n ompad. Verder was dit die woestynpad en ook die pad wat teen die Rietsee doodgeloop het.

Waarom laat die Here sy volk, wat alreeds as slawe so in Egipte gely het, nou nog op so 'n moeilike pad gaan? Het hulle nie al genoeg gehad nie?

Die Here se pad lyk nie vir ons altyd na die regte pad nie. In ons eie oë is daar makliker paaie. Die vraag is egter of ons paaie die bestes is. Indien die Israeliete die kortpad na die Filistyne sou volg, kon hulle moontlik in 'n geveg betrokke raak en dan wou omdraai na die slawe-huis van Egipte. Hulle was nie gereed vir so 'n konfrontasie met die vyand nie.

Op die Heie se "ompad" sou hulle afhanklikheid leer. In die woestyn sou Hy hulle versorg. Hy sou die pad wat teen die see doodloop vir hulle op 'n wonderbaarlike wyse oopmaak!

Die maklike en dalk selfs die logiese pad laat jou op jou eie beperkte menslike krag vertrou terwyl die Here met sy pad jou leer om jou lewe aan Hom oor te laat. Al het die Here ons deur die bloed van sy Seun verlos, lei Hy ons tog nog op sy pad wat soms 'n baie moeilike pad is. Hy het met alles 'n doel. Hy wil ons deur sy Gees heilig maak.

Sing Psalm 25:2      Ds. DJ. de Kock (Pietersburg-Suid)